

GRAAD 10 : BEGRIPPE IN DIGKUNS

1. Vul die ontbrekende woorde in:

Halfrym:

1.1. Die herhaling van dieselfde konsonant : **Alliterasie** ✓

"en **bedug beur** ons nou, **bietjie broos**"

1.2. Die herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël : **Assonansie** ✓

"en **woorde** skiet **soos** saadpeule **oop**"

1.3. Wanneer vokale as 'n groep herhaal word: **Volrym** ✓

2. Watter tipe **volrym** tref ons hier aan:

2.1. Hier rym die beginwoorde : **Beginrym** ✓

Vroliek kyk die tweetjies na maekaar / **olik** vertrek hul later met 'n traan"

2.2. Hier vind ons 'n woord in die versreël wat rym met 'n woord aan die einde van dieselfde versreël : **Beginrym of middelrym** ✓

"Stil in die **duister** lê 'k so en **luister**"

2.3. Hier rym twee lettergrepe van die voorafgaande vers met die twee lettergrepe in die daaropvolgende vers: **Dubbelrym** ✓

Waarom bly jy **immer kind?** / Liefde sal jy **nimmer vind.**

3. Benoem die **RYMSKEMA**:

3.1. aa bb : **Paarrym** ✓

3.2. a b b a : **Omarmde rym** ✓

3.3. a b a b : **Kruisrym** ✓

3.4. a b c a : **Gebroke rym** ✓

3.5. a a a a : **Slagrym** ✓

3.5. abaa bcdde : **Verslingende rym** ✓

4. **FUNKSIES VAN RYM:**

4.1. Dit is 'n belangrike vormelement en **skep 'n patroon van ordelikheid.** ✓

4.2. Deur rym word **'n sekere atmosfeer of stemming geskep.** ✓

4.3. Rym is **klankversterkend** ✓

4.4. Rym verskaf 'n patroon en dien as **bindmiddel** ✓

4.5. Rym is 'n **beklemtoningsmiddel** ✓: belangrike woorde word in rymposisies geplaas.

4.6. Staans die rymwoord aan die einde van die vers, word dit beklemtoon en kan dit die **ritme beïnvloed.** ✓

5. **Enjambement** : dit is wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan. ✓

5.1. **Funksies van enjambement** :

5.1.1. Dit verdoesel (versteek, versag) ✓ die rym.

5.1.2. Dit het 'n uitwerking op beide die tempo en ritme. ✓

Enjambement kan die tempo versnel, bv. by dramatiese gebeure. ✓

5.1.3. Dit bevorder vloeiendheid. ✓

5.1.4. Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en strofes. ✓

6. Wat is **polisindeton**? Gee 'n voorbeeld.

Herhaling van voegwoorde om 'n sekere effek te skep. ✓

Byvoorbeeld: Hy het gesing en gedans en gelag en gejubel van vreugde. ✓

7. **Beeldspraak**:

7.1. In 'n **vergelyking** ✓ word twee sake met mekaar vergelyk.

Die woorde : soos ✓ , net ✓ , as ✓ , asof ✓ , soos en nes ✓ word gebruik om te wys dat daar **gemeenskaplike kenmerke** tussen twee vergelykbare sake is.

Die berdieër is so slu soos 'n jakkals.

7.2. 'n **metafoor** ✓ stel twee sake wat met mekaar verband hou, gelyk aan mekaar.

Die berdieër was 'n jakkals.

7.3. **Personifikasie** ✓ is die vermensliking van die natuur, lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe. Menslike eienskappe word hieraan toegedig.

Die sterre knipoog vir die maan en glimlag oor die nuwe dag wat kom.

7.4. **Metonimia** ✓ is wanneer twee sake wat in noue verband met mekaar, in verband gebring word. Die belangrikste deel word verswyg.

Sy lees **Opperman**. (digter se werke)

GRAAD 10 : LITERÊRE TEKS

1. Ons onderskei die soorte **vertellers**:

1.1. **Alomteenwoordige verteller:**

- Vertel wat elke karakter sê ✓
- Vertel wat elke karakter dink en voel. ✓
- Orals teenwoordig: op elke plek , ruimte een tyd. ✓

} voordele

1.2. **Derdepersoonsverteller:**

- Beskik oor beperkte alwetendheid ✓
- Beskryf die verhaal deur die oë van die karakters in die verhaal. ✓
- Hierdie skrywer is aan die kant van die karakter. Hy bekyk en beleed die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.

NADELE : Verteller is nie so geloofwaardig nie.

1.3. **Eerstepersoonsverteller:**

- Ek-verteller ✓
- Die verteller is een van die karakters in die verhaal. ✓
- Hierdie is die beste soort verteller om eie emosies en gevoelens te beskryf. ✓
- NADELE :

Slegs uit sy eie gesighoek vertel ✓, dus weet hy nie wat die ander karakters dink en voel nie✓, maar slegs wat hy self waarneem of aflei uit hulle handeling of optrede. ✓

- 1.4. **Fokalisator :**

Persoon deur wie se oogpunt/gesigspunt die verhaal vertel word. ✓

2. Noem die twee tipe **karakters** wat mens kry:

- 2.1. **Hoofkarakter** ✓ (ronde karakter)
- 2.2. **Newekarakter** ✓ (plat of vlak karakters)

3. **Karakterbeelding:**

3.1. **Eksplisiete karakterbeelding :**

- Dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel. ✓
- Dit wat die ander karakters van die karakter sê of dink. ✓
- Dit wat die karakter van homself dink en sê. ✓

3.2. Implisiete karakterbeelding:

- .Die voorkoms en die voorstelling van die karakter se omgewing. ✓
- Uit die karakter se handeling en houding. ✓

3.3. **Identifikasie** : die leser word **emosioneel** ✓ betrek by die karakters. Dus **vereenselwig** ✓ die leser hom met 'n karakter.

4. BOTSINGS / KONFLIK:

4.1. Noem die 4 verskillende tipes botsings wat mens kry:

- Uiterlike botsings ✓
- Innerlike botsings ✓
- Botsing tussen die mens en sy omgewing. ✓
- Botsing tussen die mense en die natuur. ✓

5. Gee kortliks 'n beskrywing van die **TEMA/ BOODSKAP / HOOFGEDAGTE**:
Die tema van die verhaal is die lewenswaarheid of in –insig wat in die verhaal voorspruit. ✓ `n Tema is altyd universeel en is nie tyd-, ruimte-; omstandigheid- of karaktergebonde nie. ✓

6. Beskryf die **ruimte / plek / milieu / agtergrond / omgewing**:
Dit is die plek of ruimte waarin die verhaal afspeel. ✓

7. Wat is die **intrige**? Die plan waarvolgens die verhaal ontwikkel. Die raamwerk van gebeure. ✓
Die intrige lei tot spanning.

8. Definieer kortlike **TYD**:

8.1. **Vertelde tyd** : Tydperk waarop die gebeure afspeel bv. 16de eeu, 1920, middag, aand. ✓

8.2. **Verteltyd**: Tyd wat dit duur om die verhaal te vertel. Bv. aantal bladsye. ✓

8.3. **Tydsverloop**: Die gebeure in die verhaal word in `n bepaalde tydsorde vertel. ✓Hoe die tyd in die verhaal verloop. ✓

8.3.1. **Chronologiese tydsverloop**: Wanneer tyd op mekaar volg. ✓

8.3.2. **Achronologiese of fragmentariese tydsverloop** : Die tydsverloop volg hier nie op mekaar nie, maar wissel mekaar af. ✓Dt sluit in tydspronge en terugflitse, asook die hede ne verlede wat mekaar afwissel. ✓

9. Noem kortliks die drie soorte **SLOTTE** wat by verhale voorkom:

- Gelukkige einde, ✓
- Ramspoedige einde ✓ en
- Oop einde / oop slot. ✓

GRAAD 10 : KEN JY DIE BEGRIPPE

- Wat is die funksie van die **TITEL**:

 - Die titel is openbarend en ontsluit of verklaar die inhoud. ✓
 - Die kerngedagte word deur die titel ondersteun. ✓
- Wat is **ELISIE**:

Dui op die weglating van `n beklemtoonde lettergreep om die ritme van die gedig te behou. (“ek` t“ in plaas van “ek het“) ✓

Funksie van ELISIE:

 - Om in die metrum of ritme te pas. ✓
 - Versterk die metrum of ritme. ✓
- Wat is die funksie van die **ELLIPS**:

 - `n Deel word verswyg sodat dit aan die leser se verbeelding oorgelaat word. Die leser moet self haar gedagtes invoeg. ✓
 - Ruspouse aan te dui. ✓
 - Vestig aan op `n belangrike deel wat volg. ✓
 - Skep `n sekere atmosfeer. ✓
- Verduidelik die begrip **SINESTESIÉ**:

Vermenging van twee of meer sintuie. ✓ Twee verskillende sintuiglike gewaarwordinge word tot een beeld verweef : ✓

Pappegaai – bond (oë) eggo (ore) ✓
- Tref onderskeid tussen **STADIGE TEMMPO** en **VINNIGE TEMPO**:

Stadige tempo	Vinnige tempo
Lang klanke ✓	Kort klanke ✓
Die herhaling van frikatiewe klanke, bv. v-klank / g-klank ✓	Enjambement ✓
Baie leestekens ✓	Afwesigheid van leestekens ✓
Woorde wat beklemtoon word ✓	

- Progressie:** is toenemende trapsgewyse opklimming. Progressie dui op **Vooruitgang** ✓ en **ontwikkeling** ✓ Dit is wanneer die **gegewens oploop tot `n hoogtepunt of klimaks.** ✓ Progressie kan waargeneem word in die **woordkeuse** ✓ en hoe die woorde in 'n sekere patroon georden is.

Regressie: is 'n toenemende **agteruitgang of terugwerking** ✓ Die gegewens word met verloop slegter of swakker. Regressie is die teenoorgestelde van progressie. Dit is eintlik progressie in tru-rat.